View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# PROFESSOR G. T. S. EISELEN

In 1957 het daar reeds, uit die pen van prof. J. Chr. Coetzee, 'n lewenskets verskyn van die man na wie deur sowel sy studente as sy junior kollegas met toegeneëntheid as prof Eisie verwys word. Tiperend van professor Eiselen wat, ten spyte van 'n ontmoedigende uitspraak deur 'n Duitse hartspesialis voor sy twaalfde lewensjaar, nou dreig dat hy, uit weerwraak teen die regering wat sy pensioenvoorwaardes bepaal het, minstens 80 jaar oud wil word, is hierdie onlangse uitlating van hom: „Daar is reeds genoeg datums aangaande my loopbaan weergegee en as julle nie self nou 'n striemende kritiek op my kan lewer nie sal ék dit vir julle doen". Aan albei hierdie wenke word met graagte uitvoering gegee.

Die mees voor die hand liggende kritiek, op hierdie stadium, is egter juis dat, soos oorvloediglik uit die vermelde lewenskets blyk, prof. Eiselen se akademiese nalatenskap nooit deur sy onmiddelike of toekomstige opvolgers geëwenaar sal kan word nie. Let maar gerus op die onvolledige lys van akademies waardige dienste wat hy gedurende die afgelope 40 jaar aan die Potchefstroomse Universiteit, en daardeur aan sy land en volk, gelewer het. Behalwe vir die 5 lewenskragtige Departemente t.w. Dierkunde, Plantkunde, Fisiologie, Higiëne en Bantoetale wat regstreeks of onregstreeks deur hom begin is en waarin hy self lesings waargeneem het, was hy ook, benewens sy verpligtinge as dosent en professor in Dierkunde en Higiëne, vir wisselende tydperke belas met die doseer van Duits I, Biologie, Mikdobiologie, Skoolgesondheidsleer, Higiëne en Volksgesondheid vir studente in Maatskaplike Werk en Metodiek van Biologie. Dit is voorwaar 'n lewenstaak waarop met trots teruggekyk kan word en dit wek, trouens, verbasing dat hy by hierdie prestasies nog so 'n leidende rol in die kulturele en maatskaplike aktiwiteite in Potchefstroom kon speel.

Al hierdie werk het hy gedoen met die hulp van 'n minimum van leerkragte wat gedurig gekom en gegaan het, want gedurende die 17 jaar dat skrywer aan sy personeel verbonde is was daar nie minder as 18 dosente in tydelike hoedanigheid in sy Departement werksaam nie. Nooit het prof Eisie hieroor gemurmureer nie. Die pioniersbloed wat hy van sy sendelingouers geërf het, het te sterk deur sy are gepols om hom deur dié opdraende langs sy lewensweg van koers te laat verander. Getuienis hiervan is immers die moeisame weg wat hy vir die verwerwing van sy kwalifikasies moes bewandel en wat eers in 1939 ten einde geloop het toe die doktorsgraad, magna cum laude, aan hoe hoegeken is.

Met sy aftrede as professor word maar net nog 'n hoofstuk van sy lewensverhaal afgesluit, want die pionierswerk gaan nog voort. As Hoofredakteur van die „Lys van Dierkundeterme" van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns sal hy sy aandag voortaan rustig kan wy aan hierdie belangrike taak waarvoor hy, danksy sy breë taalkennis en vakkundige perspektief, uitmuntend

toegerus is. Mag dit so beskik word dat hy hiervoor die gebruik mag hê van 'n kantoor in die nuwe Dierkundelaboratorium wat hy so ywerig help beplan het alhoewel hy dit nie meer as dosent sal betree nie.

Sy mees gewaardeerde kenmerke as Departementshoof was seker sy genaakbaarheid ten spyte van sy swygsaamheid en aangebore waardigheid en sy vermoë om leiding te gee deur sy voorbeeld eerder as deur te domineer.

Mag hy nog lank gespaar word om die vryheid wat ongebondenheid aan 'n klasrooster meebring te kan gebruik soos hy en mev. Eiselen mag verkies, want dit sal beslis nooit in ledigheid deurgebring word nie.

J. A. VAN EEDEN.

P.U. vir C.H.O.